

# **ERFOPVOLGING VIR 'N BOERDERY**

## **DEUR**

### **DR PHILIP THEUNISSEN**

---

#### **VERSAMEL INLIGTING**

In die eerste aantal artikels in die rubriek oor erfopvolging is daar hoofsaaklik tyd spandeer om 'n oorsig te gee oor die persoonlike behoeftes wat by die proses betrokke is. Daar is ook verduidelik dat daar aandag aan die uitredende geslag se aftreebeplanning gegee moet word en dat die oorgang na die jonger geslag duidelik uitgespel moet word. Dit is beklemtoon dat erfopvolging sekere emosies sal ontketen en dat dit aangespreek behoort te word. Daar ontwikkel dus 'n unieke filosofiese denkwyse binne die familie waarbinne die erfvolging gaan plaasvind. Dit sal egter geen doel dien as die filosofie in plek is maar die woord word nie by die daad gevoeg nie. Die eerste stap tot aksie, nadat die filosofie in plek is, is dus om al die relevante inligting te versamel en te sorg dat sekere dokumente beskikbaar is. Hierdie dokumentasie is noodsaaklik wanneer die beplanning gedoen word maar moet ook beskikbaar wees wanneer 'n boedel beredder moet word. Indien hierdie inligting georden is, volledig is en maklik beskikbaar is, sal dit die erfopvolging net soveel makliker maak, hetsy dit uit 'n beplanningsoogpunt of 'n beredderingsoogpunt gedoen moet word.

#### **PERSOONLIKE INLIGTING**

Die volle name, ID-nommers en kontakbesonderhede van gades, minderjarige afhanklikes en meerjarige afhanklikes moet opgeteken word. Naas elkeen moet daar aangedui word of hulle by die boerdery betrokke is of nie, wat hulle betrokkenheid tot die familie is en of hulle aangetroud is of nie.

Met betrekking tot die spesiale omstandighede moet daar opgeteken word of hulle byvoorbeeld kinders uit 'n vorige huwelik is, verstandelik verdraag is en spesiale sorg moet kry of liggaamlik gestrem is. Enige ander omstandigheid wat 'n invloed op die erfopvolging sal uitoefen moet ook aangedui word.

Beperkte regte uit vorige boedels moet genoem word. Dit kan byvoorbeeld bepaal dat sekere bates nie deel van 'n huweliksgoederebestel mag uitmaak nie of dat daar vruggebruik ten opsigte van sekere bates uit 'n vorige boedel aan 'n persoon toegeval het.

#### **FINANSIËLE INLIGTING**

##### **Jongste stel finansiële state**

##### **Boerderybates**

- In watter ondernemingsvorm die bates is (Alleeneienaar, Trust, BK, MPY, vennootskap).
- Wie gebruik die bates? (Self, verhuur, om 'n deel)
- Is die bates verpand teen skuld?

## Volmag vir aanvra van versekeringsinligting

### Skuldeisers

- Die uitstaande balans;
- Die uitstaande termyn;
- Die sekuriteit wat vir die lening verskaf is;
- Of daar enige versekeringsdekking op die uitstaande balans is.

### **ANDER INLIGTING**

- Die mees onlangse testament;
- Enige samewerkingsooreenkomste wat daar tussen die boer en sy familieledede of selfs ander persone mag bestaan;
- Egskeidingsbevele en skikkingsooreenkomste;
- Huurooreenkomste;
- Bruikhuur en huurkoopsooreenkomste;
- Trustaktes, Stigtingsverklarings, Statute of Akte van Oprigting van ondernemingsvorms wat deel van die erfopvolging vorm;
- Vuurwapenlisensies en voertuigregistrasies;
- Korttermynversekeringspolisse;
- Kwitansies vir veilige bewaringspakkette.